

## KONSTRUKSIE BEGIN AAN SIGNA-SENTRUM



*Konstruksiewerk aan die nuwe navorsings- en seminaarsentrum by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (SIGNA) het in 2006 begin. SIGNA is in 2000 gestig as die eerste instituut vir gevorderde navorsing in Afrika. Die hoofdoel van die instituut is die bevordering van hoëvlak-, baanbreker- en interdissiplinêre navorsing wat 'n verskil sal maak in die wêreld. Die bou van die sentrum op die historiese Mostertsdrift-terrein is moontlik gemaak deur 'n ruim skenking van die Marcus en Marianne Wallenberg-stigting van Swede. Die sentrum open in 2007. SIGNA is ook die tuiste van die DWT/NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA). By die bekendstelling van die sentrum bewonder prof Chris Brink, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, dr Phil Mjwara, direkteur in die Departement van Wetenskap en Tegnologie, prof Ekkehard Kopp, voorsitter van die SACEMA- trust en mnr Derek Hanekom, Adjunkminister van Wetenskap en Tegnologie, 'n skaalmodel van die navorsingsentrum in Mostertsdrift.*